# HOOFSTUK X.

## ADAMSON EN (a) ONDERWYSTOESIG; (b) PLAASLIKE EN SENTRALE BEHEER EN (c) GENEESKUNDIGE INSPEKSIE EN GESONDHEIDSDIENSTE.

### 1. ONDERWYSTOESIG.

(a) Inleiding.

Van der Lingen se „Schoolreglementen" van 1851 het in artikel 5 bepaal dat die gemeentebestuur die toesig oor die skool moes hou. Twee jaar later in November 1853, het die Volksraad ds. Dirk v.d. Hoff, predikant van die Hervormde Kerk, as „Binnen- en Buitenlandse Correspondent voor Kerk- en Schoolzaken" en tot „schoolopziener" op Potchefstroom aangestel. In die hoedanigheid het hy die belange van Potchefstroom en Rustenburg tot in 1857 behartig, toe alles feitlik tot stilstand gekom[1] en die regering weer self die toesig en beheer oorgeneem het.

Met die inwerkingtreding van die eerste onderwysreglement[2] in 1859 is die toesig oor die onderwys aan die „Algemene Kommissie vir Onderwys" opgedra. Hierdie kommissie het jaarliks 'n verslag oor die werk van elke skool ontvang en die skole so dikwels moontlik geïnspekteer.

Hierdie stelsel is deur die Burgerswet No. 4 van 1874 vervang. Die onderwys is kragtens hierdie wet onder die toesig van die Superintendent van Onderwys geplaas, soos dit tewens ook kragtens S.J. du Toit se Onderwyswet[3] was. Die wet het ingevolge artikel 14 aan

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 22.
2. Ibid, 24.
3. Wet No. 2 van 1882.

die Superintendent die mag verleen om bevoegde persone te benoem om hom met die inspeksie van skole behulpsaam te wees. Hy het in die opsig gebruik gemaak van die dienste van die predikante in die verskillende distrikte, terwyl hy self ook 'n ontsaglike hoeveelheid werk deur eie inspeksie verrig het. Ds. du Toit se persoonlike besoeke aan die skole het die onderwys in Transvaal grootliks bevoordeel.

Die inspeksie was indiwidueel en gevolglik kon hy jaarliks nie 'n groot aantal skole besoek nie. In 1887 het hy dan ook om die aanstelling van skoolinspekteurs gepleit.[4]

In 1888 is die eerste drie inspekteurs van onderwys, C.J. de Jonge, H.H. Dyksterhuis en J. Nieuwenhuize aangestel. Drie inspekteurs kon die groot hoeveelheid werk egter nog nie behoorlik behartig nie en in 1889 is daar slegs 152 van die 255 skole geïnspekteer.

Kragtens die Onderwyswet van Mansvelt[5] moes die inspekteurs ondersoek instel na die toestand van die onderwys en toesig oor die skole en die onderwysers hou. Daar is toe 'n kring aan elke inspekteur toegewys, en hy moes die skole in sy gebied tweemaal elke jaar besoek en 'n rapport daaroor aan die Superintendent voorlê. Die inspekteurs is op aanbeveling van die Superintendent deur die Regering aangestel.

In 1892 is voorsiening gemaak vir die aparte bekendmaking van inspekteursverslae en die gebruik van voorheen om sulke verslae as byvoegsels tot die jaarverslag van die Superintendent te maak is gestaak.

Die kringe was egter te uitgestrek en die reiskoste heeltemal ontoereikend om al die skole tweemaal

4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 52.
5. Wet No. 8 van 1892.

elke jaar te inspekteer. Die bevordering van die leerlinge het by die inspekteurs berus, omdat baie leerkragte weens hul swak opleiding nie daartoe bevoeg was nie. In 1897 is die aantal inspekteurs tot ses verhoog.

Ordonnansie No. 7 van 1903[6] het die inspeksie van skole opnuut omskrywe. In die oorlogsjare kon die werk slegs langs die spoorwegsentra aan die gang gehou word. Na beëindiging van die oorlog is die Kolonie in elf inspeksiekringe, min of meer in ooreenstemming met die magistraatsdistrikte, ingedeel terwyl daar vir die stedelike gebiede bepaalde voorsiening gemaak is.[7]

In Pretoria is die laerskole onder die toesig van 'n inspekteur, wat in die personeel van die Normaalkollege was, geplaas en op die Witwatersrand onder die beheer van twee waarnemende superintendente.

Om die werk in die plattelandse distrikte te vergemaklik is hoofonderwysers in bepaalde wyke aangestel. Hulle was aan hul betrokke inspekteurs verantwoordelik vir die werk van hul eie skool sowel as die van die ander skole in die wyke. In 1903 is die aantal kringe vermeerder en opnuut ingedeel, waardeur die hulp van die hoofonderwysers langsamerhand oorbodig geword het.

In dieselfde jaar is 'n aanvang gemaak met halfjaarlikse inspekteurskonferensies[8] om beleidsake te bespreek. Hierdie gebruik is tans nog in swang.

Die laaste jaarverslag van die Kroonkolonie Bestuur en die eerste van die nuwe Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson,[9] verstrek belangrike gegewens oor die uitbreiding van die pligte van die inspekteurs. Die

6. T.O.D. Jaarverslag 1906, 149 .....
7. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 80.
8. Ibid, 81.
9. T.O.D. Jaarverslag, 1 Julie 1905 tot 30 Junie 1906.

inspeksie van naturelleskole is nog aan die sorg van die gewone inspekteurs opgedra. Die werk van die inspektoraat is met die oog op besparing vereenvoudig en gereorganiseer; 'n viertal onderinspekteurs is benoem en in 1906/7 is ook 'n dame tot die inspektoraat bygevoeg. Voorts is die werk van die inspektoraat vergemaklik[10] deur die instelling van „Adviserende Skoolrade," wat sake soos die verskaffing en toerusting van skoolgeboue en aanstellings van leerkragte oorgeneem het. Dit was die plig van hierdie rade om onderwys moontlik te maak, terwyl die inspekteurs moes toesien dat dit doeltreffend was.

Nadat die inspekteurs gedurende die eerste drie maande van 1906 hulle besig gehou het met die verkiesing van skoolkommissies het hulle met hul eintlike werk, die beheer en verslag oor die onderwys 'n aanvang gemaak.

Gedurende 1907/8 is vier Hollandse inspekteurs benoem om die inspeksie van Hollands as leervak oor te neem. In die begin van 1910 is die hele inspektoraat andermaal gereorganiseer toe Transvaal in 12 kringe met 15 inspekteurs ingedeel is en die tweeledige stelsel van Hollandse en Engelse inspeksies afgeskaf is en toe al die inspekteurs, behalwe die op die Rand, al die werk self moes doen.

Die inspeksie van die middelbare skole is deur die Direkteur self gedurende die eerste twee jaar gedoen, maar in sy verslag van 1909/10 het hy die benoeming van 'n inspekteur vir die werk aanbeveel.

In 1913 het die aantal inspekteurs, insluitende die inspekteur van middelbare onderwys, die inspekteur

10. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 88 tot 89.

van tegniese onderwys en die inspektrise, reeds op een-en-twintig gestaan. Die eerste geneeskundige inspekteur in Transvaal en in Suid-Afrika was dr. C. Louis Leipoldt wat in 1914 aangestel is.

In 1921 het die inspekteur van middelbare onderwys afgetree en die werk is daarna deur twee inspekteurs gedoen.

By die ondersoek en inspeksie van middelbare onderwys moes die distriksinspekteurs ook hulp verleen.

In 1922 is dr. C.L. Leipoldt as geneeskundige inspekteur deur dr. J.A. Kieser opgevolg.

(b) Die taak.[11]

Die inspekteurs is nie slegs die oë en die ore van die Departement nie, maar -

> "They should be first of all district head masters, ready and able to give advice and extend sympathy and encouragement to teachers, as well as to offer criticism freely where it is called for ..... There is no reason in the world why conscientious teachers should not look forward with pleasure and without apprehension to an inspectors visit..... It is most important that the staff of district inspectors should be recruited from teachers of good academic standing and with professional experience."[12]

Hierdie persone moes in staat wees om die behoeftes van die onderwys in die geheel te oorsien en dit was hul taak om die welvaart daarvan te bevorder.

> "..... the establishment of these boards has set the inspector free to do his proper work of, ... .... controlling and directing the educational content of the schools and, ..... reporting progress."[13]

11. 1907 Onderwyswet, seksie 4.
12. T.O.D. Jaarverslag 1921, 17.
13. Ibid 1907, 9.

Volgens hierdie reëling was die inspekteurs in staat om hulle skole van een tot tweemaal elke jaar te besoek.

> "This is perhaps enough to enable an inspector to report progress; it is not enough to enable him to exercise that formative influence on the work of teachers which is in my opinion vastly more important."[14]

Die skole kon slegs met hoë opvoedkundige ideale besiel word deur aan die eise van 'n bepaalde stelsel te voldoen en deur die verdubbeling van die inspektoraat. Adamson het gemeen dat 'n inspekteur minder van 'n inspekteur as sodanig en meer van 'n beroepsraadgewer en organiseerder behoort te wees. In 1907 was daar beswaarlik voldoende geleentheid vir behoorlike deurdenking wat tot die aanbieding van wenke ter verbetering van die toestand kon gelei het.

> "This is not my view of an inspector's proper function. He must report of course; but it is more important that he should suggest and direct. He should be the crown of the teaching staff, a master of organization and method first, and a reporter next."[15]

In die uitvoering van hul pligte moes die inspekteurs hul dus nie deur omstandighede van geringe aard laat mislei nie en vir stokperdjies was daar bepaald geen plek nie. Hulle moes ook oor die werk en die skool as geheel verslag doen.

> "Inspectors will become not only inspectors but instructors in method and organization. They must in fact become more and more peripatetic masters of method."[16]

Die inspeksiewerk het onder andere die waardering van die skoolwerk, die bevordering van leerlinge,

---

14. T.O.D. Jaarverslag 1907, 9.
15. Ibid 1907, 9.
16. Ibid 1909, 9.

die organisasie van die skool en 'n ondersoek na die nakoming van die leerplanvereistes en metodes van onderwys ingesluit.

By die aanstelling en plasing van inspekteurs is daar ook met hul geaardheid en aanleg sowel as met hul kennis en ervaring rekening gehou. Hulle ondervinding en kennis van die taal, die sedes en tradisies van die gemeenskap moes 'n waarborg wees dat hulle die agting van die gemeenskap sou geniet. Hulle moes dan ook sowat vyf jaar[17] in 'n kring bly, aangesien hulle in 'n korter tydperk nie hulle vormende invloed kon laat geld nie. Dit was egter noodsaaklik dat omruiling gereeld moes plaasvind, aangesien sommige kringe groter eise as ander kringe aan inspekteurs gestel het. Hierbenewens het Adamson dit raadsaam geag omdat 'n omruiling veel kon beteken vir beide die onderwysers en die kinders.

Die Departement het dit aan die inspekteurs oorgelaat om volgens eie goeddunke leerlinge te bevorder, hulle skoolrekords te aanvaar of hulle weer te toets. Hulle moes verslag doen oor die algemene peil van die werk. Hulle het vrae aan die hele klas in die vormende vakke gestel, omdat hierdie werk nie so maklik hoofdelik getoets kon word nie. As die resultaat bevredigend was, is die oorplasing van leerlinge na hoër standerds in oorleg met die hoof gereël. Indien die resultate van sy algemene ondersoek nie bevredigend was nie, is aan hom die reg verleen om verdere ondersoek in te stel.

17. T.O.D. Jaarverslag 1912, 32.

Toe die motorvervoer die vervoer met muile en perde in 1913 vervang het, kon die inspekteurs veel meer tyd in die skole deurbring sonder om vir lang tydperke uithuisig te wees.

> "There is also what is, in my opinion, the very great advantage that the inspector can reach his home more frequently."[18]

> "A curtailed or hurried inspection is unsatisfactory to every one concerned and from every point of view."[19]

Op die halfjaarlikse inspekteurskonferensies is aangeleenthede soos praktiese onderwys, beleidsake, die omvang van hul werk en die wyse waarop die werk verrig moes word deur die inspekteurs bespreek. Dit het veel bygedra tot die standaardisering van hul eie werk.

> "At both conferences the opportunity is taken to thresh out any matter which has arisen, or any new point of policy. There is no doubt that these conferences are of the utmost value."[20]

In 1919 het Adamson dit so gereël dat die Desemberkonferensie voorafgegaan kon word deur 'n bespreking van bepaalde vraagstukke wat in verband met die beroep as sodanig gestaan het.

> "These discussions on professional matters of both general and local interest were found valuable and stimulating."[21]

Hierbenewens was dit ook van belang dat hy moes toesien dat staatsgeld nuttig bestee word en dat staatsopvoeding behoorlik geskied.

> "This is clearly a fundamental responsibility..... A hint here, discouragement there, an appropriate

18. T.O.D. Jaarverslag 1913, 7.
19. Ibid 1914, 1.
20. Ibid 1918, 12.
21. Ibid 1919, 8.

> comparison, a lesson taken on the spur of the moment, notes on reading: in such directions and in a score of others which the experienced inspector will find, the constructive side of the work proceeds. But it needs leisure. It cannot be done if the available time is all taken up with the examination of pupils' attainments."[22]

Hy moes nie alleen toesien dat 'n hoë peil gehandhaaf word nie maar ook dat daar 'n gesonde beroepsgees heers en dat hoë sedelike waardes in die skoollewe nagestreef word.

> "An inspector's great work is educational diagnosis and treatment. He must, of course, be able to test the skeleton of organization, but his ultimate care is whether the breath of life and growth, intellectual and moral, is there. The inspectoral corps is alive to this responsibility."[23]

As daarvolgens Adamson se gereelde voorligting beoordeel moet word, dan wil dit voorkom asof die inspekteurs nog te dikwels hul by inspeksiewerk bepaal het in plaas van leiding te gee. Die gevolg was dat die besoek van 'n inspekteur, gewoonlik sonder voorafgaande kennisgewing, dikwels 'n onbenydenswaardige gebeurtenis in die lewe van 'n meester was.

(c) <u>Inspekteursrapporte</u>.[24]

Die inspekteursrapporte is interessante opvoedkundige leesstof, omdat dit 'n duidelike weergawe van die destydse werklike onderwystoestande gee. Nadat 'n inspekteur saam met die leerkragte van sy kring met die praktiese onderwys vir 'n jaar lank besig was, het hy as die meer objektiewe waarnemer sy bevindings in 'n jaarrapport aan die Direkteur van Onderwys voorgelê.

---

22. T.O.D. Jaarverslag 1917, 13 tot 14.
23. Ibid 1923, 31.
24. Byvoegsels tot Adamson se jaarverslae.

Hierdie rapporte is met sorg onder die volgende hoofde opgestel:

(i) Blanke skole.
(ii) Inskrywing en skoolbesoek.
(iii) Losieshuise.
(iv) Geboue en terrein.
(v) Personeel.
(vi) Skoolrekords.
(vii) Meubels en toerusting.
(viii) Die werk in die skole, onder andere skoolvakke.
(ix) Sentralisasie.
(x) Nie-blanke skole.
(xi) Algemeen.

Daar bestaan jaarrapporte oor:

(i) Laeronderwys.
(ii) Middelbare onderwys.
(iii) Tegniese- of ambagsonderwys.
(iv) Onderwys van nie-blankes.

Die jaarrapporte bevat 'n skat van inligting en Adamson het dikwels gunstig daarna in sy jaarverslae verwys.

In 1903 is Adamson aangestel as die voorsitter van 'n komitee vir middelbare skoolinspeksie.[25] Benewens die inspeksie van die middelbare onderwys in Pretoria en Johannesburg en die beheer oor losieshuise, het hierdie komitee ook sewe vergaderings in die jaar gehou om die plek en werksaamhede van middelbare onderwys in Transvaal te bespreek. Die laeronderwys moes volgens hulle vir die middelbare onderwys voorberei en die middelbare onderwys vir die universiteit en die lewe.

> "..... encourage corporate feeling, and thus prepare him for membership of a community and the duties of citizenship."[26]

Hulle moes vasstel of daar goeie werk gedoen is maar ook of daar deur middel van ontspanningsbedrywighede voldoende klem op naastediens gelê is.

---

25. T.O.D. Jaarverslag 1903, 40 tot 43. Het bly voortbestaan tot 1908.
26. T.O.D. Jaarverslag 1903, 41.

Die inspeksierapporte waaraan Adamson as lid van die inspeksiekomitee 'n aandeel gehad het en sy eie rapporte, wat hy opgestel het nadat die komitee opgehou het om te bestaan, gee ons 'n goeie indruk van sy opvattinge oor skooltoesig.[27] In 1909 en 1910 het hy die normaalkolleges geïnspekteer en daarvolgens kan ons kennis maak met sy opvattinge oor die opleiding van leerkragte.[28]

Vir die toesig oor die tegniese onderwys is 'n inspekteur-opsigter in 1908 aangestel. Sy jaarrapporte verskyn ewe-eens in genoemde reeks jaarverslae en hulle werp heelwat lig op die vakkundige onderwys van daardie tyd.

Die rapporte oor die laeronderwys is myns insiens van die beste bronne om die stand en ontwikkeling van die onderwys in Transvaal aan die navorser bloot te lê. Benewens opbouende wenke word daar ook verwys na die leemtes en die gehalte van die onderwys. Op heel interessante wyse verlig inspekteurs-humor dikwels 'n benewelde horison.

(d) Middelbare onderwys.

Omdat die inspeksie van middelbare onderwys altoos 'n mate van sorg gebaar het, het Adamson hierdie skole vir twee jaar onder sy persoonlike sorg geneem om sodoende 'n behoorlike ondersoek na die organisasie, die leerplan, die metodes van onderwys en die uitvoering van die regulasies[29] in te stel. Hierdie taak het hom oortuig dat die werk te veel vir een persoon was.

27. T.O.D. Jaarverslag 1909, 112 tot 142.
    Ibid 1910, 167 tot 198.
    Ibid 1911, 109 tot 137.
28. Ibid 1910, 199 tot 214.
    Ibid 1911, 138 tot 145.
29. Bepalingen voor Lagere Scholen en Middelbare Scholen en Afdelingen voor Blanke Kinderen .... 1909, 79.

> "..... no one individual can take responsibility for a detailed inspection of methods followed and results obtained in all the subjects of a high school course."[30]

Die komitee wat die werk tot 1907 behartig het en bestaan het uit Adamson of die sekretaris van die Onderwysdepartement, wat as voorsitter opgetree het, drie personeellede van die Transvaalse Universiteitskollege, bygestaan deur die distriksinspekteur(s), moes dus na 1910 weer die werk oorneem.

> "It may be necessary to consider the desirability of appointing an inspector whose special duties shall be the examination of the high schools in co-operation, for the reasons indicated, with one or two individuals chosen from outside the department."[31]

Op grond hiervan en ten gevolge van die gereelde vooruitgang van die werk in die middelbare skole is mnr. W.E.G. Clark in 1911 as inspekteur van middelbare onderwys aangestel. Aanvanklik was die aantal middelbare skole gering en kon die aanstelling van meer as een vaste inspekteur nie geregverdig word nie. Dit was nietemin om alle praktiese en opvoedkundige redes onmoontlik vir een persoon om met gesag oor die onderwys en organisasie van al die leervakke in die middelbare skole te praat.

> "It is doubtful if two - one, say, literary and humanistic, and the other scientific and mathematical - could do so."[32]

Hierdie twee inspekteurs moes volgens Adamson in staat wees om onderskeidelik Engels en Afrikaans as leervakke te inspekteer. Voortgaande het hy gemeen dat hierdie skole elke drie jaar amptelik geïnspekteer moes word en

30. T.O.D. Jaarverslag 1910, 6.
31. Ibid 1910, 7.
32. Ibid 1920, 15.

as tydelike hulp nodig was, dat dit by voorkeur van personeellede van die Transvaalse Universiteitskollege moes wees.

> "The instruction by specialists which is, and ought to be, characteristic of the upper forms of these schools must be inspected by specialists."[33]

Hieruit moet daar egter nie afgelei word dat Adamson hierdie inspekteurs nie uit die onderwysberoep wou kies nie. Hy het inteendeel dit keer op keer beklemtoon dat inspekteurs uit die geledere van die beste onderwysleerkragte aangestel moes word. Dit was juis te betreur dat die diensvoorwaardes[34] van inspekteurs so swak was, dat die beste onderwysmanne nie bereid was om inspekteurs te word nie.

> "..... the inspectorate must obviously be recruited from the teaching ranks; and from the best in the ranks in view of the critical and directive responsibility involved in inspection."[35]

Aan die einde van 1921 het inspekteur W.E.G. Clark afgetree en die toesig oor middelbare skole is gewysig, omdat die aantal skole so aangewas het, dat een man dit nie meer kon behartig nie. Die vervanging van Hollands deur Afrikaans in 1917 en die feit dat die laer- en middelbare kursus toe 'n samehangende geheel gevorm het, het genoodsaak dat die dienste van die distriksinspekteurs ook vir middelbare inspeksie bygehaal moes word.

Toesig en inspeksie het die vryheid en verantwoordelikheid van die skoolhoof en sy personeel in ag geneem.

---

33. T.O.D. Jaarverslag 1906, 13.
34. Distriksinspekteur tot £900; Middelbare inspekteur tot £1,000. Voor 1917 twee grade: (a) £500-£600 en (b) £600-£700. Die Onderwyskommissie (1917) het dit op £700-25-900 gestel.
35. T.O.D. Jaarverslag 1920, 17.

> "Nothing like dead uniformity should be striven for. Professional initiative and variety of practice should be encouraged in every way."[36]

Maar omdat van die dienste van jong en onervare leerkragte aan middelbare skole, net soos aan laerskole, gebruik gemaak moes word, was dit noodsaaklik dat opbouende en vormende wenke deur manne van rype ervaring gegee moes word.

> "There is no reason at all why much of the freedom and elasticity which ought to be characteristic of secondary education should not be translated to primary education, and the district inspector is the medium to hand."[37]

Die feit dat die distriks-inspekteur op die wyse aan die middelbare skole van sy kring verbonde was, het sy status aansienlik verhoog en dit het veel daartoe bygedra om die noodsaaklike eenheid van die middelbare en laeronderwys te verkry.

In Julie 1923 is 'n komitee van vier inspekteurs aangestel om 'n verslag oor die inspeksie van middelbare onderwys op te stel.[38] Die verslag is in Desember op die inspekteurskonferensie voorgelê vir bespreking. Die aanbevelings is nie aanvaar nie en die bestaande stelsel het dus behoue gebly. Vir die tweejaarlikse amptelike inspeksie van middelbare skole het die twee inspekteurs saam met die distriks-inspekteur(s) 'n inspeksiekomitee gevorm.

(e) Laerskole.

In 1906 het die onderwyshoof gesê:

---

36. T.O.D. Jaarverslag 1921, 16.
37. Ibid 1921, 17.
38. Mnre. Ligertwood, van der Lingen, de Vos en Strasheim.

> "There is no question that education in this Colony is very defective, more especially in the country districts."[39]

Hierdie toestand het die uitbreiding van die inspektoraat en hulle pligte genoodsaak. Hulle moes ook as vredestigters in geskille oor godsdiens en taalonderwys optree. Eintlik moes die inspekteur van onderwys nie net vir die enge vakkundige rigting sorg nie, maar hy moes ook die belangrikheid van die verskillende gesigspunte van die onderwysstelsel onderling en hul verhouding tot die geheel steeds in ag neem.[40] Hierbenewens was hy ook die aangewese plaaslike amptenaar na wie alle onderwyssake verwys is. Op 30 Junie 1906 was daar 10 inspekteurs, 4 onderinspekteurs en een inspektrise vir die 10 kringe.

In 1907 het Adamson die vraag gestel of dit nie beter sou wees om die verslae oor die werk van afsonderlike skole te vervang met 'n algemene verslag oor die werk van 'n skoolraadsgebied nie. Die inspekteurs het hul egter ten gunste van rapporte oor die werk van afsonderlike skole uitgespreek. Hierop was Adamson se kommentaar:

> "At the present time the Transvaal district inspector by travelling more than 200 days in the year manages to see all his schools once and some of them twice. It is too little for the schools and too much for the individual."[41]

Toe Adamson diens aanvaar het, was die meeste inspekteurs eentalige Engelssprekendes en die aanstelling van vier Hollandssprekende inspekteurs het in 1908 noodsaaklik geword.

---

39. P. Duncan, Koloniale Sekretaris: T.O.D. Jaarverslag 1906, 3.
40. T.O.D. Jaarverslag 1907, 9; en 1912, 308, item 38.
41. Ibid 1907, 10.

> "The completely efficient bilingual teacher is a rarity; the completely efficient bilingual inspector will be found to be rarer still."42

Aanvanklik het hierdie Hollandssprekende inspekteurs die bepalinge van die Taalwet van 1907 slegs in die dorpe en stede tot hul reg laat kom. Hulle het egter later hul werksaamhede ook op die plätteland voortgesit.

Vanaf 1910 is die stelsel van dubbele inspeksie egter deur die volgende stelsel vervang, omdat daar volgens Adamson te veel inspeksie en te min organisasie was. Die skole in Transvaal is toe in drie groepe geklassifiseer:[43]

(i) Skole wat nie elke jaar besoek moes word nie. Blykbaar was daar aanvanklik min of geen sodanige skole nie.

(ii) Skole wat slegs deur een inspekteur besoek moes word. Die groep het hoofsaaklik uit buiteskole bestaan.

(iii) Skole wat deur twee inspekteurs besoek moes word.

Daar kon dus slegs moeilikhede in verband met die tweede groep skole ontstaan, aangesien al die inspekteurs nie ten volle tweetalig was nie. Derhalwe is daar besluit om hierdie skole om die beurt deur 'n Hollands- en Engelssprekende inspekteur besoek te laat word.

Middelerwyl moes die inspekteurs hul kennis van die twee amptelike tale opknap, sodat:

(i) Dubbele inspeksie op die platteland gestaak kon word.

(ii) Alle inspekteurs 'n oordeel oor die hele skool in plaas van oor 'n vak of deel van die skoolwerk kon vel.

(iii) Inspekteurs nie langer in 'n Engelse of Hollandse gesindheid hulle inspeksiewerk sou doen nie.

42. T.O.D. Jaarverslag 1907, 11.
43. Ibid 1909, 8 tot 9.

(iv) Skole skouer aan die wiel kon sit om eerbaar in die eerste groep vermeld te kon word.

Op die wyse kon inspekteurs ook meer tyd afsonder vir voorligting in verband met die organisasie en metodiek van onderwys. Die aantal skole per inspekteur is ook verminder sodat die inspeksie deegliker en meer stelselmatig kon geskied.

In 1912 moes die inspekteurs as 'n verdere werksaamheid ook die antwoorde van die eindeksamen van die laerskole in Desember nasien.

> "Where there is weakness in history or geography, but this is compensated by strength in the second language or in science, the case is specially considered by myself."[44]

Hierdie taak het nie slegs 'n geldelike besparing vir die Provinsie meegebring nie, maar die inspekteurs het ook baie geleer:

> "Moreover, the inspectors are unanimously of the opinion that the experience they gain in correcting papers, and the opportunity they have of comparing standards and results in the different parts of the Province is of the utmost value. I am emphatically of the same opinion."[45]

In die jaar is die stelsel waarvolgens skole geïnspekteer moes word weer op die skoolraadskonferensie bespreek.[46] Adamson het hom nie daarmee vereenselwig dat elke leerling in elke leervak van die laerskool geïnspekteer moes word voordat hy/sy tot 'n hoër standerd bevorder kon word nie. Daarvoor is geestesgroei te samegesteld en kan dit nie noukeurig saamgevat en gemeet word nie.

44. T.O.D. Jaarverslag 1912, 32 tot 33.
45. Ibid 1912, 33.
46. Notule: 27/11/1912, 308, items XI tot XV. T.O.D. Jaarverslag 1912.

> "It would be as reasonable to base a diagnosis of a child's physical condition exclusively on the amount of bread, milk, meat and vegetables which he can consume at a meal or a series of meals, as to base a diagnosis of his mental development exclusively on the number of questions he can answer correctly in a given time."[47]

Daar moes ook 'n ondersoek na die intellektuele omgewing waarin die groei plaasvind, die metodes van onderwys en die organisasie van die onderwyser se werk ingestel word. Hierbenewens was dit van belang dat daar verslag gehou moes word van die kind se gereelde vordering.

> "Individual examination and individual subject examination on the day of inspection can only reveal certain symptoms, and it can only do so under very artificial conditions."[48]

Die taak van 'n inspekteur bestaan hoofsaaklik daarin om ondersoek in te stel na die toestande waaronder die leerlinge se intellektuele en sedelike vorming plaasvind en nie soseer om die kennis van elke kind op die dag van die inspeksie te wil vasstel nie. Omdat hoofdelike inspeksie in die geval van jonger kinders van minder waarde is, het die Onderwysdepartement dit aan inspekteurs oorgelaat om self te oordeel oor die gangbaarheid van die leerlinge se jaarprestasies. Hierdie oordeel het op 'n ondersoek na die klassifikasie van die leerlinge, die behoorlike dekking van die voorgeskrewe leerplan in elke vak, die praktiese onderwys en metodes van die onderwyser(es) en die uitvoering van 'n paar steekproewe berus. Hierdie werk is dan deur vrae in die vormende vakke afgesluit.

---

47. T.O.D. Jaarverslag 1912, 41.
48. Ibid 1912, 41.

> "If all this has been thoroughly done and the results are generally satisfactory, the promotion of individuals to a higher standard ought to be the result largely of consultation between the inspector, the principal, and the class teacher."49

Adamson het die konstruktiewe werk van sy veldpersoneel waardeer en 'n belangrike plek en funksie aan hulle toegeken.

> "A capable and energetic inspectorate is the backbone of any system of education, and I desire to take this opportunity ........ to record my opinion that the Transvaal is, and has been, most fortunate in the men it has been able to secure for this important work."50

In 1913 het elke inspeksiekring uit min of meer 4,000 leerlinge en 52 skole bestaan en volgens hul eie oordeel was dit nie meer as wat hulle kon behartig nie.

> "In their individual reports, inspectors, with few exceptions, indicate that the amount of work assigned to them does not exceed what they can compass efficiently."51

Adamson se standpunt was dan ook dat 'n inspekteur nie met werk oorlaai moes word nie, aangesien dit aanleiding kon gee tot oorhaastigheid wat nie in belang van óf die inspekteur óf die skool kon wees nie.

Alle hervormings wat Adamson in hierdie opsig beoog het is deur die Eerste Wêreldoorlog op die lange baan geskuif maar hy het sy vertroue in die inspekteurs soos volg uitgespreek:

> "I am convinced that the teachers of the schools where inspection is in abeyance will

49. T.O.D. Jaarverslag 1912, 42 tot 43.
50. Ibid 1912, 69.
51. Ibid 1914, 1.

> seize the opportunity to prove that they can maintain the efficiency of their schools, for a time at all events, without external supervision."[52]

Die een inspektrise van naaldwerk moes die hele Transvaal bedien. Benewens naaldwerkinspeksie was dit ook haar taak om toesig te hou oor alle sake rakende die welvaart van onderwyseresse.

In 1918 het die onderwys dermate ontwikkel dat die aantal laerskoolinspekteurs die werk nie meer doeltreffend kon behartig nie. Daarom het hy aanbeveel dat die skole vir nie-blankes aan bepaalde inspekteurs opgedra moes word. Dit sou meer reg aan die 300 naturelleskole laat geskied en aan die gewone inspekteurs meer tyd vir die onderwys van blankes oorlaat. Op grond hiervan is daar in 1919 drie inspekteurs van onderwys vir naturelle aangestel.[53]

Hierdie wysiging was tydig want die distriksinspekteurs moes voortaan ook die gradering[54] van leerkragte behartig.

> "The responsibilities of inspectors of schools will be increased. They will have to realize that their reports and particularly their recommendations with regard to increments of salary will be the chief means of maintaining and promoting efficiency."[55]

In 1919 het Adamson melding gemaak van die swak diensvoorwaardes van inspekteurs en aangetoon dat hulle Uniale in plaas van Provinsiale amptenare was. Hy het gemeen dat dit veel daartoe bygedra het om die beste skoolhoofde uit die inspektoraat te hou. Hieroor het mnr. H.S. Scott, Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement, hom soos volg uitgelaat:

52. T.O.D. Jaarverslag 1915, 3.
53. Ibid 1919, 34.
54. Volgens aanbeveling „Onderwyskommissie" (1917).
55. T.O.D. Jaarverslag 1918, 47.

> "As long as the Government ..... sees fit to remunerate the less arduous work more highly than the more arduous and more responsible, we can only hope to improve the condition of supervision by lessening the area to be covered."[56]

In 1920 het Adamson by die aftrede van die een inspektrise aanbeveel dat ten minste drie inspektrises aangestel moes word. Hulle moes die juniorklasse, die naaldwerk van laerskole, kookkuns en huishoudkunde van die middel- en hoërklasse sowel as liggaamsoefeninge vir meisies behartig. Aan die einde van die jaar het 17 inspekteurs 106,978 laerskoolleerlinge behartig en dit was gemiddeld 6,292 leerlinge per inspekteur.

> "Really efficient formative work calls for a figure considerably lower, especially as a large proportion of our teachers need constant supervision and help."[57]

In 1921 kon die 19 inspekteurs die werk nie meer behartig nie en omdat die Provinsie se geldelike nood so hoog was, het Adamson die volgende oplossing aan die hand gedoen:

> "The remedy is to curtail inspection in the efficient schools, and to concentrate on the weaker ones. The throwing of more responsibility on heads of schools as regards classification and promotion, for example, has distinct advantages."[58]

In dieselfde jaar het die inspekteurs op eie houtjie komitees, wat bestaan het uit die leerkragte van hulle onderskeie kringe, saamgestel om die jaarlikse toetse, behalwe die vir standerd ses, op te stel. Hierdie reëling het Adamson se goedkeuring weggedra, mits bepaalde beginsels in ag geneem sou word.

56. Inspectors Conference: T.O.D. Jaarverslag 1919, 206.
57. T.O.D. Jaarverslag 1920, 17.
58. Ibid 1921, 18.

> "..... the test must be kept in its subordinate place as a means, and not in any degree made an end in itself."[59]

Die inspekteurs is daardeur in staat gestel om meer aandag aan ander belangrike vraagstukke te skenk en

> "..... methods of bringing an element of joy and corporate sentiment into the schools."[60]

Op die vraag of hoofde van groot laerskole self onderwys moes gee het Adamson en die inspektoraat soos volg geantwoord:

> "..... to lay down hard-and-fast rules as to hours and subjects of teaching would be a fundamental mistake. Men and women to whom such responsibility had been entrusted must be left free to discharge it in the way which seemed best to them."[61]

Aan die einde van Adamson se ampstermyn was die inspektoraat soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Inspekteurs van middelbare onderwys ........ | 2 |
| Inspekteur en organiseerder van tegniese onderwys .................................. | 1 |
| Distriksinspekteurs van laerskole, skole met middelbare afdelings, hulp by hoërskool-inspeksies ............................. | 19 |
| Inspekteur en organiseerder van voortsettingsklasse ............................. | 1 |
| Inspekteurs van naturelle-onderwys ......... | 3 |
| Organiseerster van - | |
| (i) Kookkunssentrums .................... | 1 |
| (ii) Naaldwerk en juniorklasse ........... | 1 |
| Organiseerder van liggaamsopvoeding ........ | 1 |

Dit wil sê daar was 26 inspekteurs en drie organiseerders(sters) en 1,090 laerskole met 106,249 leerlinge.

(f) <u>Onderwys van nie-blankes</u>.

Die toesig oor die onderwys van nie-blankes was aanvanklik ook die taak van die inspekteurs van

---

59. T.O.D. Jaarverslag 1921, 32.
60. Ibid 1921, 32.
61. Ibid 1922, 10.

onderwys van blankes. Op die wyse het die inspekteurs van middelbare onderwys die toesig oor en inspeksie van die opleidingskolleges vir nie-blankes en die distriksinspekteurs die van die laerskole behartig.

In 1917 het Adamson ondersoek na die welslae van hierdie beleid laat instel. Die onderwys van naturelle was volgens hom sui generis, dit wil sê, andersoortig en hy het gemeen dat die taak aan spesiaal opgeleide inspekteurs, wat ten minste die taal van die naturel kon praat, toevertrou moes word.

> "It would put the inspection of native education on a more satisfactory basis, and it would at the same time give district inspectors more time to attend to the needs of European schools and scholars."[62]

Voorts het hy gemeen dat dit noodsaaklik was om die ontwikkelingsgang van die onderwys van naturelle vas te stel.

> "It will be obvious that supervision of native schools must be constant and close; ....."[63]

Hierdie inspekteurs moes ook die algemene toesig oor die skole in hul onderskeie kringe waarneem.

> "The highly important work of native education will thus receive more immediate attention than has previously been possible."[64]

Hulle het hul eerste inspeksierapporte[65] oor die werk van drie kringe, wat onderskeidelik uit 169, 124 en 130 skole bestaan het, in 1920 ingedien.

> "I regret that I am compelled to present such a pessimistic report."[66]

62. T.O.D. Jaarverslag 1918, 11.
63. Ibid 1918, 48 tot 49.
64. Ibid 1919, 34 - R.W. Swarbreck, J.C. Johns, N.D. Achterberg.
65. T.O.D. Jaarverslag 1920, 186 tot 197.
66. Ibid 1920, 188. Inspekteur N.D. Achterberg.

> "It is becoming more generally recognised that the situation today demands a change in missionary policy if missionary control is to be continued."[67]

> "The number of schools in the circuit is 130, and the number of scholars approximately 9,000 ..... The circuit, however, comprises some 30,000 square miles ....."[68]

Behalwe die een staatskool,[69] was al die ander inrigtings kerkskole wat deur die staat gesubsidieer is, maar die superintendente moes volgens die inspekteurs ook onder staatstoesig geplaas word.[70]

Ten gevolge van die onbevoegdheid van baie nie-blanke leerkragte het die administratiewe verpligtinge van die inspekteurs steeds meer en meer toegeneem.

In 1923 was die inspekteurs onder andere ook verantwoordelik vir die toesig oor bepaalde skole, regstreekse besoldiging en aanstelling van leerkragte, toesig oor inbetaalde skoolgelde en die aankoop van boeke en verbruikbare voorrade.[71] Hierdie toesig het egter die inspekteurs in staat gestel om die onderwys van naturelle op 'n gesonde grondslag te plaas want die inspekteurs se wenke het steeds die regte rigting aangetoon, wat bepaald nie letterkundig of beroepskundig was nie maar wel industrieel en landboukundig.

(g) Bepaalde onderwysaangeleenthede.

Daar is van tyd tot tyd voorsiening gemaak vir departementele opsigter-organiseerders van kookkuns, naaldwerk, juniorwerk en liggaamsopvoeding. Hierdie beamptes was feitlik uitsluitend tot die skole op die Witwatersrand beperk. Vir die orige deel van Transvaal

67. T.O.D. Jaarverslag 1920, 193. Inspekteur J.C.Johns.
68. Ibid 1920, 193 tot 194. Inspekteur R.W. Swarbeck.
69. Klipspruit Lokasie - 500 leerlinge.
70. T.O.D. Jaarverslag 1921, 50.
71. Ibid 1923, 175. Inspekteur R.W. Swarbeck.

moes die gewone inspekteurs van onderwys die toesig en organisasie waarneem. Dit was ook in hierdie tyd toe vir die eerste keer kennis gemaak is met 'n organiserende skoolhoof,[72] wat die skole van die Hartebeestpoortdam-bouwerkers besoek het. Later is hierdie stelsel ook op die Wes-Transvaalse diamantdelwerye ingevoer.[73] Reeds in 1910 het Adamson gemeen dat 'n spesiale inspekteur van skooltuine, natuurkennis en landbou-onderwys aangestel moes word. Hoewel die Departement van Landbou goeie steun verleen het, het Adamson gemeen dat:

> "The greatest need at the moment is a small staff of organizers and inspectors who can develop this work."[74]

In 1912 het die inspektrise haar daarop toegelê om praktiese kennis van ko-edukasie op die Rand op te doen.[75]

Die belangrikste en feitlik enigste besondere onderwysrigting was die tegniese onderwys, waarby die voortsettingsklasse ingesluit was. Die Inspekteur van Tegniese Onderwys het jaarliks 'n volledige verslag hieroor uitgebring[76] en dit moes veelal aan sy ywer en vertolking daarvan toegeskryf word dat hierdie onderwys tot sy reg gekom het.

Aan die leerlinge is vakkundige onderrig en voorbereidingswerk in die ambagte verskaf.

In 1911 was Adamson meer optimisties, aangesien tegniese onderwys tekens van vordering begin toon het. In 1913 is daar ook handelsklasse vir seuns by die Troyevilleskool en huishoudkundeklasse vir dogters in die Leydsstraatgeboue (voorheen„High School for Girls") ingestel. Toe handearbeidklasse aan laer- en middelbare

72. Mnr. Harold Voss.
73. Mnr. A.A. van Wyk. Vergelyk die vroeëre distrikskoolhoofde.
74. T.O.D. Jaarverslag 1910, 71.
75. Ibid 1912, 32.
76. Ibid 1912, 32. Mnr. W.J. Horne.

skole ingevoer is, is die organisasie daarvan vereenvoudig en het die handwerkonderwysers onder toesig van die betrokke skoolhoofde gestaan.

> "There has been gradual but steady extension in the teaching of this subject in the provincial town schools."[77]

Die onderwys op provinsiale dorpe het ten gevolge van groter afstande meer organisasie-eise aan die inspekteurs gestel.

Die beheerrade het hulle egter op besondere wyse vir die vooruitgang van tegniese en ambagsonderwys beywer. Hierdie rade was hoofsaaklik vir die verskaffing van onderwysgeriewe verantwoordelik, terwyl die inspekteur vir die uitvoering van die leerplaneise aanspreeklik gehou is.[78]

> "At the same time control of the aims, content and methods of the courses followed must unquestionably rest with the Department."[79]

Die Onderwysdepartement het beroepsvoorligting voorgestaan en het die keuse van 'n ambag nie aan die leerling oorgelaat nie.

> "..... the needs of the trades must weigh unless there is to be a glut in some and a shortage in others."[80]

Die verskillende beheerrade wat kennis van die verskillende ambagte gedra het, het verdienstelike werk gedoen.

Vir die tydperk 1919 tot 1921 kon daar nie 'n geskikte hoof vir die Johannesburgse Tegniese Skool verkry word nie en moes die inspekteur waarneem. Dit het

---

77. T.O.D. Jaarverslag 1912, 83.
78. Ibid 1917, 68. Inspekteur van tegniese onderwys vir 'n volledige leerplan verantwoordelik.
79. T.O.D. Jaarverslag 1915, 23.
80. Ibid 1917, 66.

soveel van sy tyd in beslag geneem, dat hy sy inspeksie-werk deur middel van briefwisseling moes doen![81]

(h) Administratiewe werk.

> "So far there has been too much inspection and too little organization."[82]

Die inspekteur was die verteenwoordiger van die Departement en hy was verantwoordelik vir al die afdelings van die onderwys wat na hom verwys moes word. Dat dit 'n groot hoeveelheid administratiewe pligte meegebring het, is vanselfsprekend, 'n taak wat in ons dag ook nog baie tydrowend is. Aanvanklik is die pos Superintendent van Johannesburgse en Randse skole ingestel om die organisasiewerk in verband met skoolbenodighede en toerusting te behartig. Adamson het in 1907 toe die nuwe skoolrade baie van die administratiewe werk oorgeneem het, die volgende omtrent hierdie pos gesê:

> "For the first time he has been an inspector in the real sense of the word."[83]

Die lang afstande en stadige vervoer op slegte paaie het trots die gebruik van motorvervoer vanaf 1913 nog te veel tyd van die inspekteur in beslag geneem.

In die Suid-Westelike inspekteurskring was daar van die 9,000 myl slegs 113 myl rybare pad.

> "..... during and after summer rains a compost like half-tempered mortar, sticky, coagulative, the very slough of despond."[84]

As daar een groep staatsamptenare in Suid-Afrika was, wat bo alle andere met gesag oor slegte paaie en reistoestande in Transvaal kon praat, dan was dit ongetwyfeld inspekteurs van onderwys. Veel

---

81. T.O.D. Jaarverslag 1917, 66.
82. Ibid 1909, 8.
83. Ibid 1907, 9.
84. J.H. Corbett: Inspekteursverslag, 112 (1918).

opvoedingstyd het in die modder verdwyn en daarom het die hele inspektoraat die instelling van skoolrade verwelkom.

> "Naturally, the system of schoolboards has considerably lightened the office work of the inspector ....."[85]

Die uitvoering van die godsdiens- en taalklousules van die Onderwyswet van 1907 en van die sentralisasiebeleid het beslis heelwat van die inspekteurs se tyd in beslag geneem.

In 1921 het Adamson aan die hand gedoen dat meer verantwoordelikheid aan skoolhoofde toevertrou moes word.[86] Hy het sy laaste jaarverslag met 'n erkenning afgesluit dat inspekteurs met te veel buite amptelike verantwoordelikhede belas was.

> "It is urged by some inspectors in their reports, and it has been urged from time to time by the whole inspectorate in conference, that, owing to the development of schools and scholars in their circuits, the increase in the number of standard VI pupils who have to be examined orally in connection with the Primary Certificate Examination, the number of teachers studying privately to improve their qualifications, who have to be examined in practical teaching, the demands of official correspondence and returns and of correspondence with teachers and the public, and the scrutiny of requisitions for school books and material, they have far from enough time to do the constructive and critical work required of them."[87]

(i) <u>Noodsaaklikheid van inspeksie</u>.

Die gees waarin die werk gedoen word en die doel wat dit beoog moet as belangrike vereistes beskou

85. T.O.D. Jaarverslag 1907, 43. Inspekteur H.P. Mills on die verslae van sy kollegas.
86. T.O.D. Jaarverslag 1921, 18.
87. Ibid 1923, 27.

word. As vervolging die grondtoon daarvan is, moet die hele stelsel gerus afgeskaf word.

> "It must be obvious to everybody that efficient inspection - understanding by that not mere criticism, but constructive work - is one of the first conditions of good work in the schools."[88]

Hierbenewens kan die inspekteurs die Onderwysdepartement in voeling met elke skooltjie laat bly, sodat geen geboutjie in die onbereikbare „êrens" hoef te wees nie, maar 'n werklikheid wat deur die inspekteur verpersoonlik word.

Die inspektoraat kan ook 'n gestandaardiseerde onderwysstelsel uitbou, aangesien die verskillende kringe se behoeftes en omstandighede deur die inspekteur onder die aandag van die skoolrade en die Onderwysdepartement gebring word.

Omdat die inspekteurs op hul konferensies en ander byeenkomste voortdurend met mekaar in aanraking kom en ten gevolge van die onderlinge hulp wat hulle mekaar verleen kan hulle veel tot die standaardisering van die onderwys as sodanig bydra.

As die werk van die inspekteurs van toentertyd in oënskou geneem word, dan moet erken word dat verskeie inspekteurs nie aan alle vereistes, wat Adamson aan die amp gestel het, voldoen het nie. Gevalle wat byna tirannie genoem kan word bestaan tans nog as oorlewering in die mond van die ou garde.

Omdat hierdie jare as die wordingsjare van die Transvaalse onderwysstelsel beskou kan word, moet daar egter erken word dat die inspekteurs sonder twyfel veel tot die ontwikkeling daarvan bygedra het.

---

88. T.O.D. Jaarverslag 1919, 7.

## 2. PLAASLIKE EN SENTRALE BEHEER.

### (a) Skoolkomitees.

#### (i) Agtergrond.

> "Under the late Government the educational authority was the local committee elected by the parents of children attending the school, which provided the school building with the aid of a Government loan in cash or kind, appointed the teachers subject to an undefined control on the part of the Government, and carried on the school by means of school fees and liberal Government grants."[89]

Hierdie soort komitee is deur die Selborne bewind deur adviserende skoolkomitees en skoolrade vervang.[90]

Die skoolkomitee is deur die ouers onder toesig van die skoolraad verkies. Hierdie komitees het onder regstreekse beheer van die skoolrade gestaan en hulle pligte het onder andere die volgende ingesluit:[91]

(1) Bevordering van die welvaart en doeltreffendheid van die skool.

(2) Toesig oor die skoolterrein en -geboue.

(3) Aanstelling, skorsing en ontslag van leerkragte kragtens seksies 78, 80 en 81 van die onderwyswet.

(4) Ander pligte wat deur die skoolraad ingevolge die onderwyswet aan hulle opgedra kan word.

#### (ii) Skoolrade en skoolkomitees.

Die regstreekse verantwoordelikhede van 'n skoolraad het die skoolkomitees nie besit nie en dit het hulle gladnie aangestaan nie. Hierbenewens is die

---

89. T.O.D. Jaarverslag 1906, 2. Sien ook Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding. J.C. Coetzee, 54 tot 56.
90. (i) Goewermentskennisgewing No. 860 van 1903.
(ii) Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905.
(iii) Regulasies Skoolkomitees en Skoolrade: T.O.D. Jaarverslag 1906, 157 tot 172.
91. Artikel 71 van die 1907 Onderwyswet.

opvattinge van die skoolkomitees dikwels dermate deur plaaslike omstandighede gekleur, dat daar nie altyd onpersoonlik opgetree kon word nie. So 'n toedrag van sake het die verhouding tussen skoolrade en skoolkomitees dikwels in so 'n mate gestrem dat dit selfs in die Transvaalse Volksraad ter sprake gekom het.[92]

> "The sooner we reach the day when the board is the only local authority for primary schools, the better for the system of education of the Province."[93]

(b) <u>Skoolrade</u>.

(i) <u>Agtergrond</u>.

Die skoolrade het hul ontstaan aan Ordonnansie No. 7 van 1903 te danke,[94] en hulle magte in verband met klaskamerruimte en die toekenning van vervoer- en losiesbeurse was raadgewend van aard.

Die skoolrade is soos volg saamgestel: Tweederdes van die lede is deur die skoolkomitee en eenderde deur die administrasie genomineer. In 1907 is hierdie samestelling behou behalwe dat tweederdes van die lede deur die stemgeregtigde kiesers verkies moes word en dat die raad sy eie voorsitter moes aanwys.

Enersyds kon so 'n samestelling voeling met plaaslike belange bewaar en andersyds kon dit help om die onderwysstelsel te bestendig. Dit kon en moes egter nooit die sentrale beheer oor die onderwys vervang nie.

> "The ultimate control and responsibility rest with the Central Government acting through the Education Department."[95]

---

92. T.O.D. Jaarverslag 1908, 10 tot 11.
93. Ibid 1910, 19.
94. T.O.D. Jaarverslag 1906, 145 tot 152 en 157 tot 163.
    (i) Ordonnansie No. 7 van 1903.
    (ii) Regulasies.
95. T.O.D. Jaarverslag 1906, 18.

Die Onderwysdepartement het egter die raadgewinge en hulp van hierdie plaaslike beheerliggame as noodsaaklik geag.

> ".... with full knowledge of and in close sympathy with the wishes of the inhabitants of the various districts."[96]

Die drie-en-twintig skoolrade se aanbevelings het dan ook die aandag van die Onderwysdepartement geniet en hul samewerking het niks te wense oorgelaat nie.

(ii) <u>Hul plek en pligte</u>.

> "There is no doubt that their help in the matter of school buildings and equipment and country school bursaries has been real and considerable."[97]

> "With regard to the selection of teachers, it may be said that, speaking generally, the boards have aimed high and have put efficient education before anything else."[98]

Hierdie werk is in die beste gees deur die Onderwysdepartement en die skoolrade uitgevoer. Die skoolrade wat ingevolge die Onderwyswet van 1907 in die lewe geroep is, het van soortgelyke rade in die Kaapkolonie, Brittanje en Skotland, in soverre verskil dat hulle geen onafhanklike status gehad het nie.[99]

Hierdie rade moes in aangeleenthede soos klaskamerruimte, meubilering van skole, sentralisasie,[100] en aanstellings van leerkragte met die onderwysinspekteurs saamwerk. Hulle moes die inspekteurs raadpleeg en as hulle beste raadgewers beskou. In die verband is samesprekings tussen die skoolraad en die inspekteur(s) altyd as baie wenslik beskou.

---

96. T.O.D. Jaarverslag 1906, 19.
97. Ibid 1907, 11.
98. Ibid 1907, 11 tot 12.
99. Ibid 1908, 11.
100. Onderwyswet van 1907, seksie 59.

In 1910 het Adamson die pligte van die 27 skoolrade in hersiening geneem. Omdat hierdie eerste skoolrade heelwat pogings aangewend het om hul status verhoog te kry en hul mag uit te brei, het hy van die geleentheid gebruik gemaak om hul verhouding tot die Onderwysdepartement weereens te bepaal.

Omdat die staat die geld voorsien, is die raad slegs die plaaslike verteenwoordiger van die Onderwysdepartement wat oor finale seggenskap beskik. Hierdie reëling is opsetlik getref, aangesien selfstandige skoolrade net so min deur die Volksaard verwelkom sou word en by landsomstandighede sou aanpas as 'n outokratiese onderwysdepartement.

> "Rate aid brings education into a local atmosphere. It may mean parsimony."[101]

Om 'n uitgestrekte en dunbevolkte platteland van skole en onderwysgeriewe te voorsien het sowel vernuf as siening van die skoolrade geverg. In die uitvoering van hulle pligte het hulle wyselik gehandel om die sentralisasiebeleid van die Onderwysdepartement nie alleen te onderskryf nie maar ook om dit te help uitvoer.

> "Boards have schools, not individual parents, in their minds."[102]

Adamson het met lof van hierdie houding melding gemaak en dit as die enigste weg tot doeltreffendheid en vooruitgang beskou en hy het die hoop gekoester dat die pas gekose skoolrade insgelyks sou handel.

Die uitvoering van hierdie beleid was egter nie altoos sonder teenstand nie. Hoewel gemeenskaps-

101. T.O.D. Jaarverslag 1910, 13.
102. Ibid 1910, 21.

groepe dikwels groot druk probeer uitoefen het om die sentralisasiebeleid teë te werk, kinders en ouers moeg geword het van die afmattende vervoer, of jaloers was op diegene wat naby 'n skool gewoon en die voordele daarvan kon benut het, is die voordele, wat 'n sentrale skool meegebring het, nie terwille van hierdie besware prysgegee nie.

Die nuwe skoolrade het die werk met lus voortgesit en Adamson het met genoeë melding gemaak van die bereidwilligheid van geskikte skoolraadslede om die onderwyssaak te dien. Blykbaar was die statusverhoging van die rade nie 'n noodsaaklike wysiging om hierdie persone te betrek nie.

Kragtens Wysigingsordonnansie No. 7 van 1912 is skoolraadsamptenare en skoolbesoekbeamptes tot die vaste personeel benoem.

In 1916 het Adamson 'n belangrike leemte[103] in die verkiesing van skoolraadslede aangetoon want die gebruik om stembriewe aan geregistreerde kiesers te pos het baie onreëlmatighede meegebring. Die ontwerp-ordonnansie, wat die verkiesing van lede by 'n stembus beoog het, is egter deur die Provinsiale Raad verwerp. Adamson het met leedwese opgemerk dat die verkiesing vir die eerste keer 'n politieke kleur aangeneem het.

> "..... the sooner education is purged of politics the better."[104]

Nietemin het Adamson soos volg verslag gedoen nadat hy die werk van adviserende rade in verband met die stigting en toerusting van skole, personeelaanstellings, beurstoekennings en verpligte skoolbesoek geloof het.

---

103. T.O.D. Jaarverslag 1916, 33.
104. Ibid 1916, 3.

> "There can be no question that the experiment of constituting advisory boards has been a great success, and that the progress and smooth development of the system has been due to them in a very considerable measure ..... It is a noteworthy fact that men of public standing have always been found ready to serve on them. In a score of ways they have been able to push forward the interests of the school or schools they represent, and to form a very valuable link between the Department and the parents."[105]

(iii) Skoolraadskonferensies.

Die eerste skoolraadskonferensie het onder voorsitterskap van ds. A.J. Louw van Heidelberg op 30 September en op 1 en 2 Oktober 1908 in Pretoria plaasgevind. Die afgevaardigdes van die ses-en-twintig skoolraadsgebiede het gretig aan die bespreking van die 81 beskrywingspunte deelgeneem.

> "Discussion was free, and on the whole an excellent spirit, prevailed."[106]

Dis wel waar en natuurlik dat die gemoedere hoog geloop het toe besprekings rakende rasse-aangeleenthede plaasgevind het; dog hierdie besprekings het die lug gesuiwer en die taak vir amptenare en afgevaardigdes duideliker gelaat, want die beskrywingspunte het inderwaarheid die hele opvoedkundige veld gedek![107]

In 1909 is die skoolraadskonferensie onder voorsitterskap van mnr. H.L. Malherbe deur 46 afgevaardigdes, 6 inspekteurs, 3 lede van die Onderwysraad, 2 lede elk van die Transvaal Teachers Association en die Transvaalse Onderwysersvereniging en deur die Direkteur van Onderwys bygewoon.

---

105. T.O.D. Jaarverslag 1923, 32.
106. Ibid 1909, 11.
107. Notule en verklarings: T.O.D. Jaarverslag 1909, 167 tot 182.

> "..... the topics discussed extended over a wide range, comprehending, indeed, most matters of importance connected with educational administration in the Transvaal."[108]

Hierdie jaarlikse skoolraadskonferensies, so merk die Koloniale Sekretaris tereg op, kon werklik die onderwysparlement genoem word.[109]

Van die belangrikste besluite wat op die derde skoolraadskonferensie in Junie 1911 geneem is, is in 'n wysigingsordonnansie saamgevat en aan die Provinsiale Raad voorgelê.[110] Op hierdie konferensie is die mening uitgespreek dat twee lede van 'n skoolraad nie voldoende verteenwoordiging van die groter skoolraadsgebiede was nie. Die Uitvoerende Komitee het derhalwe die verteenwoordiging in 1912 soos volg gewysig:[111]

1 Verteenwoordiger namens die eerste 1,000 leerlinge of gedeelte daarvan.

1 Aanvullende verteenwoordiger namens elke bykomende 1,000 leerlinge of gedeelte daarvan.

1 Aanvullende verteenwoordiger namens elke bykomende 2,000 leerlinge of gedeelte daarvan bo 3,000 leerlinge.

Ingevolge hierdie wysiging was die Rand en Pretoria op 22 afgevaardigdes en die res van Transvaal op 38 geregtig. Die minimumaantal afgevaardigdes van 'n skoolraad was egter twee, sodat 72 in plaas van 60 lede die konferensie bygewoon het.

Op hierdie konferensies is die Direkteur van Onderwys ook nie gespaar nie, want ds. J.P. Liebenberg (Bethal) het die volgende voorstel, wat deur ds. P. Postma (Heidelberg) gesekondeer is, ingedien:

---

108. T.O.D. Jaarverslag 1910, 45.
109. Ibid 1910, 45.
110. Ingesluit in wysigingsordonnansie No. 7 van 1912.
111. T.O.D. Jaarverslag 1912, 51.

> "That an official be appointed in the Education Department who will take an interest in country matters."[112]

Adamson het dit as 'n wantrouevoorstel bestempel en aangetoon dat enige vorm van tweeledige beheer onprakties sou wees. Hierop is die voorstel afgestem.

Die konferensie van 1912 het in die Raadsaal plaasgevind en die sakelys het 104 afsonderlike voorstelle bevat. Die besprekings het in 'n goeie gees plaasgevind en opvoedkundige vraagstukke het die meeste aandag geniet. Daar is ook aandag geskenk aan sake van minder opvoedkundige belang:

> "That teachers should not be allowed to farm for profit."[113]

Voorgestel deur R.G. Amm en P.J. Davidtsz, albei van Potchefstroom.

Hierdie skoolraadskonferensies het veel daartoe bygedra om die groei van die onderwysstelsel in die vormingsjare te rugsteun. Benewens die opvoedkundige besprekings is die belange van feitlik alle dele van Transvaal op voortreflike wyse onder die aandag van die maghebbers gebring.

Adamson het die skoolraadskonferensies nie slegs toegespreek nie, maar dit gereeld bygewoon en alle verlangde verklarings verstrek.

(iv) <u>Beherende Rade van middelbare skole</u>.

Kragtens seksie 73 van die Onderwyswet van 1907 is die Minister van Onderwys gemagtig om Beherende Rade vir staatskole in die lewe te roep en regulasies vir sodanige rade op te stel. Ingevolge seksie 57 van die Onderwyswet is middelbare skole, normaalkolleges en

---

112. T.O.D. Jaarverslag 1911, 227.
113. Ibid 1912, 308.

die Transvaalse Universiteitskollege nie onder die toesig van skoolrade geplaas nie, omdat skoolrade as nuwe liggame nog nie getoon het waartoe hulle in staat was nie en omdat hulle reeds voldoende werk gehad het om te doen. Om alle praktiese redes is dit ook beter geag om ad hoc rade vir middelbare skole in die lewe te roep.

> "Experience has proved that this solution was sound, temporary at least."[114]

Die instelling van hierdie rade was egter vir hom geen tydelike maatreël nie, want hy het haastig daaraan bygevoeg:

> "There should, in my opinion, be no change in this respect."[115]

Adamson het die hoop gekoester dat die ses hoërskole goeie versorging van hul beherende rade sou geniet, te meer as in aanmerking geneem word dat 'n paar skoolraadslede, wat ook op hierdie rade gedien het, vir die verhouding tussen laer- en middelbare onderwys verantwoordelik sou wees.

Die skoolraadskonferensies, sowel as die Transvaalse Volksraad,[116] het hul egter van tyd tot tyd ten gunste van een plaaslike liggaam vir die beheer oor alle onderwys uitgespreek.

Adamson se standpunt was dat die bestaande stelsel van plaaslike beheer slegs gewysig moes word indien die beherende rade nie aan hul doel beantwoord het nie. Die skoolrade sou hoegenaamd nie in staat gewees het om aandag aan middelbare onderwys te skenk soos die beherende rade dit gedoen het nie. Hierbenewens het die leerlinge van middelbare skole dikwels uit

---

114. T.O.D. Jaarverslag 1910, 16.
115. Ibid 1910, 16.
116. Ibid 1912, 59.

kosgangers bestaan en hul ouers kon die lede van die beherende rade kies, wat nie die geval sou gewees het as hierdie skole ook onder die beheer van die skoolrade geplaas sou word nie.

> "Why change what is working well?"[117]

Die regulasies wat beherende rade se status bepaal het, het aan hul die nodige mag verleen om enige saak rakende die skool, behalwe die interne organisasie daarvan, te behandel. In 1918 was daar reeds tien beherende rade, agt vir middelbare en twee vir ambagskole,[118] terwyl alle nuwe middelbare skole onder toesig van die skoolrade geplaas is, totdat die verslag van die Onderwyskommissie (1917) bekend gemaak sou word. Die beherende rade van die tegniese skole het goeie werk gedoen:

> "The Department is fortunate in having the assistance ........ of governing bodies keenly interested in the schools and able to give valuable technical advice."[119]

In 1920 het die voortbestaan van beherende rade weer ter sprake gekom, toe die Onderwyskommissie die afskaffing daarvan aanbeveel het. Die Departement het egter besluit om in weerwil hiervan alle middelbare en tegniese skole onder die beheer van adviserende beherende rade te behou, omdat skoolrade wat dikwels volgens partypolitieke oorwegings saamgestel is, reeds te veel werk gehad het en omdat beherende rade wat deur skoolouers gekies is persoonlike belang by die inrigting gehad het.

(c) <u>Sentrale beheer</u>.

Die administrasie van die onderwys in Transvaal

---

117. T.O.D. Jaarverslag 1912, 61.
118. Pretoria en Johannesburg.
119. T.O.D. Jaarverslag 1920, 54.

is uitgevoer ingevolge Wet No. 25 van 1907 en wysigings daarvan wat deur die Transvaalse Parlement aangeneem is. Hierdie wet het Ordonnansie No. 7 van 1903, wat deur die Wetgewende Raad van die Kroonkolonie bekragtig is, herroep.

Ingevolge die Onderwyswet, soos dit vandag bestaan, berus die uiteindelike verantwoordelikheid vir die administrasie van die onderwys by die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee.

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die Administrateur, wat deur die Unieregering kragtens sub-artikel (1) van artikel 68 van die „Zuid-Afrika Wet" van 1909 benoem word, tesame met vier lede wat deur die Provinsiale Raad op die grondslag van eweredige verteenwoordiging, ooreenkomstig artikel 78 van die „Zuid-Afrika Wet" benoem word."[120]

(i) <u>Suid-Afrikaanse Republiek</u>.

'n Plaaslike skoolkomitee, wat deur die skoolouers van 'n bepaalde skool gekies is, het die beheer uitgeoefen. Hierdie komitee moes die skoolgeboue verskaf, aanbevelings in verband met die aanstelling van onderwysers aan die Superintendent van Onderwys vir goedkeuring voorlê en die onderwys met staatsteun en die heffing van skoolgelde behartig.

Hierdie stelsel het plaaslike belangstelling en belangstelling van die kant van die skoolouers meegebring, wat vir die welsyn van enige onderwysstelsel van onskatbare waarde kan wees. Die grondslag waarop staatsteun toegestaan is, en wat berus het op die aantal leerlinge wat die skool besoek, het vir ouers, leerkragte

120. Raadpleeg: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1937, 12.

en skoolkommissies as 'n kragtige aansporing gedien, want hoe meer kinders daar op skool was, hoe groter was die toelae vir die skool.

Wat die sentrale beheer betref, is die Superintendent deur 'n sekretaris en 'n personeel bygestaan. Die toesig oor die skole is aan inspekteurs van onderwys opgedra, terwyl die Superintendent self ook 'n wakende oog oor die belange van die onderwys gehou het en verskeie reise onderneem het om op hoogte van sake te bly.

Die beginsels waarop die Republikeinse Regering sy onderwysstelsel gegrond het, was dat onderwys nie 'n taak van die staat is nie maar van die ouers en die kerk en dat die staat sy bemoeiinge moes beperk tot 'n geldelike bydrae volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys. Verder moes toegesien word dat die geld doeltreffend aangewend word en dat die vorming van burgers op suiwer Christelike en nasionale grondslag geskied het. Die oprigting van die skole is dus aan partikuliere ondernemingsgees oorgelaat. Die skool was geen staatseiendom en die onderwysers geen staatsamptenare nie!

(ii) Die samestelling van die sentrale beheer.

Hierdie stelsel van plaaslike verantwoordelikheid en die herleiding van die verantwoordelikheid van 'n sentrale gesag tot die van finansier en inspekteur is deur die nuwe bewindhebbers afgeskaf en 'n stelsel van sentrale gesag en gratis laeronderwys is in die plek daarvan gestel.

Die demokratiese ouerreg sou deur adviserende skoolkomitees en -rade behartig word.[121] Hierdie

121. Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905.

blykbare verontagsaming van die ouer en die kerk se verantwoordelikheid was nie vir die verowerde boeregemeenskap aanneemlik nie en dit het aanleiding gegee tot die stigting van C.N.O.-skole. Hul nasionale gevoel, hul taal en die reg om hul eie onderwysers aan te stel en die onderwys self te beheer wou hulle nie prysgee nie. Die Britse gesag het daarenteen volgehou dat die onderwyser 'n staatsampternaar in die volle sin van die woord moes wees en dat 'n regering, wat aan die volk verantwoording verskuldig is, nie sy verantwoordelikheid aan ouerkomitees kon afstaan nie.

Natuurlik moet die onderwys in hierdie verband as 'n magtige wapen beskou word om die onderlinge samewerking van verowerde en veroweraar te verkry.

Die onderwysbeheer is voortaan soos volg saamgestel:

- Koloniale Sekretaris.
  - Direkteur van Onderwys. / Sekretaris van Onderwys
    - Inspektoraat.
      - Hoof.
      - Onderwyspersoneel.
      - Eksaminator.
    - Rekenmeester.
    - Plaaslike beheer.
      - Skoolrade.
        - Skoolkomitee.
        - Raadslede.
        - Administratiewe personeel.
      - Beherende Rade.


Ingevolge die Onderwyswet van 1907 is die Onderwysraad hieraan toegevoeg, om enersyds as geldelike en

administratiewe raadgewer van die Onderwysdepartement op te tree en andersyds om die ewewig tussen die sentrale en plaaslike beheer te bewaar.

Hierdie wet het ook groter mag aan die skoolkomitees, skoolrade en beherende liggame verleen.

Kragtens die Suid-Afrika Wet van 1910 is die beheer andermaal gewysig.[122] Hoëronderwys en die opleiding van onderwysers vir die eersteklassertifikaat sou voortaan deur die Unieregering en laeronderwys en die opleiding van onderwysers vir die derde- en tweedeklassertifikate deur die Provinsiale Administrasie behartig word. Die beheer kan soos volg in sy finale staat voorgestel word:-

SENTRALE ONDERWYSBEHEER.[123]




122. Raadpleeg:
(a) Public Service Reorganisation Commission, 1910.
(b) First and Second Reports of the Education Administration Commission, U.G. 41, 1923; and U.G. 19, 1924.
(c) Report of Provincial Finances Commission, U.G. 19, 1923.

123. Met erkenning aan mnr. A.K. Bot, „Honderdjaar Onderwys in Transvaal," 1936.

124. Gestig Maart 1924 en deur Uitvoerende Komitee goedgekeur 17 September 1924. Besluit No. 1736. T.O.D. Jaarverslag 1923, 129.

(iii) Die Onderwysraad.

Vir die instelling van hierdie raad is daar in die Onderwyswet van 1907 voorsiening gemaak[125] en dit moes die Minister van Onderwys van raad bedien in aangeleenthede soos onderwysuitgawes, skoolgelde, voertaal, aanstelling en ontslag van onderwysers, opstelling van regulasies en ander ad hoc sake wat van tyd tot tyd aan hul opgedra kon word.

> "Council of Education:
>
> Minutes of the first ordinary meeting of the Council held in the Education Offices, Pretoria, on Wednesday, the 25th day of September, 1907, at 2.30 p.m.
>
> Present: Mr. J.E. Adamson, Chairman.
> Dr. F.V. Engelenburg,
> Dr. N.M. Hoogenhout,
> Mr. Theodore Reunert,
> Mr. John Robinson."[126]

Op die eerste vergadering van die Onderwysraad is die volgende sake behandel:

(1) Die goedkeuring van alle bestaande Departementele regulasies kragtens die Onderwyswet van 1907.

(2) Die uittreding van onderwysraadslede wat deur die lot beslis sou word.

(3) Ontwerpregulasies vir die nominasie van skoolraadslede.

(4) Skoolgelde vir leerlinge in seunshoërskole.

Weeklikse vergaderings is in die vooruitsig gestel. In sy jaarverslag van 1907 het Adamson hom soos volg oor hierdie Onderwysraad uitgelaat:

> "The establishment of the highest advisory body, the Council of Education, is a natural consequence of the system of administration which has just been

---

125. Hoofstuk 2, artikels 7 tot 15.
126. Die handskrifnotule van die eerste 79 vergaderings is in besit van die Transvaalse Onderwysdepartement en word deur mnr. J.P. Lotz, eerstegraadsklerk, vir die Departement bewaar.

> described. The division of function between the centre and the circumference of the system requires machinery for its proper balance and adjustment; and it would seem that an Advisory Council, made up of members of the public whose experience and interests will ensure a sound and educational view of the issues which came before them, together with the head of the Education Department, will best help the Minister in this difficult task of adjustment. Moreover, through such a council the dangers of a system which gives power to local bodies without asking them to share financial responsibility may most effectively be met."[127]

As ons hierdie lang aanhaling ontleed merk ons dat Adamson in die Onderwysraad net 'n aanpassingsmiddel en 'n geldelike veiligheidsklep gesien het. Sodra die aanpassing van onderwysaangeleenthede deur die nodige regulasies en reëlings 'n voldonge feit was en die geldelike beheer in hande van die Uitvoerende Komitee geplaas was, sou die Onderwysraad ophou om te bestaan.

In die eerste jaar van sy bestaan het die Onderwysraad 'n rekordaantal sake op die 35 vergaderings behandel.[128] Die lede het goed saamgewerk en die Minister van Onderwys het hul wenke steeds nuttig en aanneemlik gevind terwyl die skoolrade vertroue in hul beraadslagings gehad het.

> "I am of the opinion that the establishment of the Council has been altogether in the interests of education."[129]

In die daaropvolgende jaar is 32 vergaderings gehou, waarop veral regulasies rakende die beheer oor skole en die opleiding van leerkragte opgestel is om aan die Minister van Onderwys voor te lê. Daar is ook

---

127. T.O.D. Jaarverslag 1907, 3 tot 4.
128. Ibid 1908, 8 tot 10.
129. Ibid 1908, 9.

aandag aan die oprigting van normaalkolleges, toewysings aan skoolrade en die jaarlikse onderwysbegroting geskenk.

In die vierde jaar van sy bestaan het die Onderwysraad 18 goedbygewoonde vergaderings gehou. Adamson het die pligte van die Onderwysraad soos volg saamgevat:

> "They cover practically the whole area of educational activity."[130]

Hulle het regulasies opgestel in verband met die werk van skoolrade en beherende liggame, diensvoorwaardes van onderwysers, leerplanne vir laer- en middelbare onderwys en die opleiding van leerkragte.[131]

Die opstelling van die begroting het 'n uitvoerige ondersoek na al die werksaamhede van die Departement vereis, want dit het betrekking gehad op die oprigting van nuwe skoolgeboue, herstelwerk, meubels, laerskoolbeurse en toewysings aan skoolrade kragtens seksie 62 van die Onderwyswet.

> "The task of arriving at sound and equitable principles of allocation is a difficult and responsible one."[132]

Wanneer die Direkteur van Onderwys en skoolrade of enkelinge nie ooreen kon kom in aangeleenthede soos die aanstelling en ontslag van leerkragte of voertaalvraagstukke nie, het die Onderwysraad as bemiddelaar opgetree.

Kragtens Wysigingsordonnansie No. 7 van 1912 kon die Onderwysraad afgeskaf word, omdat die Uitvoerende Komitee na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika die werksaamhede van die raad kon oorgeneem het.

---

130. T.O.D. Jaarverslag 1910, 9.
131. Ibid 1910, 9.
132. Ibid 1910, 9.

Omdat verskeie skoolrade sowel as besprekings in die Provinsiale Raad die voortbestaan van die Onderwysraad verlang het, is dit volgens 'n nuwe samestelling en funksies behou. Voortaan het geen werknemer van die Onderwysdepartement behalwe die Direkteur van Onderwys daarop gedien nie. Eerstens is die opstelling van die begroting uit hul hande geneem en in die plek daarvan sou die Raad as 'n staande kommissie aanbevelings oor enige saak in belang van die onderwys aan die Administrateur voorlê. Voorts is daar meer mag aan hierdie raad verleen. Waar die vorige raad sig slegs tot sake kon bepaal wat deur die Onderwyswet vasgestel is, kon die nuwe raad meer sake ter sprake bring en aanbevelings doen. Hierdie Raad is daarop soos volg saamgestel:

Die Heer J.E. Adamson, voorsitter;
Dr. F.V. Engelenburg, lid van vorige Raad,
Mnr. T. Reunert, lid van vorige Raad,
Mnr. H.L. Malherbe, voorsitter van Pretoriase Skoolraad,
Mnr. W. Cullen, voorsitter van die Mynskoolraad, Johannesburg.

Die Onderwysraad moes voortaan 'n jaarverslag oor sy werksaamhede aan die Onderwysdepartement voorlê. Van die aftredende lede, dr. N.M. Hoogenhout en mnr. John Robinson, sê Adamson tereg:

> "They have, ..... every reason to be proud of the record of their work on the Council."[133]

Hierdie Onderwysraad is egter in 1915 deur Ordonnansie No. 4 afgeskaf.

Die finale verslag van die Onderwyskommissie[134] het andermaal die daarstelling van 'n onderwysraad aanbeveel. Adamson het hom met hierdie aanbeveling nie vereenselwig nie omdat die werksaamhede van sodanige

133. T.O.D. Jaarverslag 1912, 24.
134. Report of the Education Commission, 1920. No. 41 of 1917, 67 tot 68.

raad reeds deur die Uitvoerende Komitee behartig is. Hy was ten gunste van 'n onderwysraad wat beroepsaangeleenthede kon bestudeer. As deskundiges op so 'n raad aangestel sou word kon hul die Transvaalse Onderwysdepartement onder andere oor tegniese en personeelaangeleenthede, die onderwysinhoud en diensvoorwaardes van leerkragte voorlig.

> "A body of such functions can unquestionably be of real service."[135]

Met hierdie standpunt het hy op die drumpel van 'n opvoedkundige navorsingsburo gestaan!

(iv) Die omvang van die sentrale beheer.

> "Under a centralized system such as that which obtains in this Province, where most of the work of the local authorities is of an advisory character, and most matters have to be referred to headquarters for authority, the head office should be liberally staffed from the point of view both of the grading of the officers and of their number."[136]

Adamson het nie altyd oor die nodige klerikale personeel beskik nie. Hy kon die Staatsdienskommissie nie van die noodsaaklikheid vir meer amptenare oortuig nie, hoewel die uitgawes verbonde aan die administrasie van die hoofkantoor minder as een persent van die totale jaarlikse uitgawes was.

Reeds in 1915 het hy vir 'n nuwe stelsel van onderwysbeheer voorbrand gemaak.[137] Hy het die bestaande stelsel as kunsmatig en onnatuurlik beskou en was 'n voorstander van 'n beheerstelsel waarvolgens die Unieregering alle onderwyswetgewing en beleidsake sou

135. T.O.D. Jaarverslag 1920, 19.
136. Ibid 1919, 7.
137. Adamson: Voorsittersrede voor Antropologiese Seksie. „South African Journal of Science", September 1915.

behartig en alle administratiewe aangeleenthede aan die plaaslike beheer oorgelaat sou word.

> "Legislation to the central body and administration to the local bodies represents roughly though not with any exactness and completeness, the line of cleavage I should suggest."[138]

Indien die inkomstes vir onderwys deur die staat beskikbaar gestel word, behoort die geldelike las eweredig oor die Provinsies versprei te wees. Die verdeling van die geldelike las sou so 'n indeling ook regverdig.

Transvaal het sy onderwysuitgawes uit staatstoelae bekostig; die Kaapprovinsie kon hierby nog belastings sowel as skoolgelde gevoeg het, terwyl die Oranje Vrystaat en Natal slegs skoolgelde gehef het om hul fondse aan te vul. Tegniese onderwys het onder 'n Uniale Beheerraad gestaan, maar die raad was slegs adviserend van aard. Derhalwe het die industriële, handels- en huishoudkunde-onderwys, wat onder die beheer van die Provinsiale Administrasies gestaan het, volgens eie patroon ontwikkel.

Toe hy gevra is om die geldelike las onder die Unieregering en die Provinsiale Rade te verdeel, het hy die volgende stelsel aanbeveel.[139]

<u>Sentrale Regering</u>.

A. Kapitale uitgawes vir geboue.

B. Lopende uitgawes:

(1) Administratiewe werk van die hoofkantoor.
(2) Onderwys- en mediese-inspeksie.
(3) Salarisse, reistoelae en bydrae tot die onderwyserspensioenfonds.
(4) Beurstoelae vir die opleiding van onderwysers.

138. Adamson: Voorsittersrede voor Antropologiese Seksie. „South African Journal of Science", September 1915, 3.
139. T.O.D. Jaarverslag 1923, 244 tot 247.

(5) Meriete-beurse vir middelbare skoolleerlinge.
(6) Die gedeelte van naturelle onderwysuitgawes wat meer was as die waarvoor die 1921-22 begroting voorsiening gemaak het.

Die <u>Provinsiale Administrasie</u> moes volgens sy aanbeveling vir die volgende uitgawes verantwoordelik wees:

(1) Huurgelde, belastings, steenkool, lig, reiniging, meubels en toerusting, kleinere herstelwerke en instandhouding, opmeting van skoolterreine, leningsheffings, rente en delgingsfondse.
(2) Lokale administratiewe uitgawes in sake skoolrade en beherende liggame.
(3) Alle beurse vir laeronderwys en 25 persent van die middelbare skoolbeurse.
(4) Opvoedkundige materiaal en toerusting.
(5) Eksamenuitgawes.
(6) Drukwerk en papier.
(7) Skoolbiblioteke en diverse uitgawes.

As hierdie aanbeveling aanvaar is, sou die Unieregering byna £2,000,000 en die Provinsiale Administrasie net meer as 'n halfmiljoen pond van die onderwyskoste gedra het.[140]

In sy beredenerings het Adamson ook aangetoon dat die onderwys van naturelle die taak van die sentrale regering behoort te wees.

Samevattend kan gesê word dat Adamson die piramiede van onderwysbeheer vertikaal in plaas van horisontaal wou verdeel, dat onderwyswetgewing en onderwysbeleid 'n taak van die Unieregering behoort te wees, dat die afdeling administrasie aan die Provinsiale Raad en sy plaaslike liggame opgedra behoort te word en dat die onderwysuitgawe in die verhouding van 4:1 deur die Sentrale Regering en Provinsiale Raad onderskeidelik gedra moes word.

140. Staat: T.O.D. Jaarverslag 1923, 249 tot 250.

## 3. GENEESKUNDIGE INSPEKSIE.

### (a) Agtergrond.

Op die vyftiende vergadering van die Onderwysraad[141] is die volgende voorstel van dr. N.M. Hoogenhout na deeglike bespreking aanvaar:

> "In the absence of any definite declaration of policy by either the Government or the Honourable the Colonial Secretary on the subject of the medical inspection of schools and scholars in the Transvaal, the Council of Education has omitted to make provision on the estimates for the Education Vote for the financial year 1908/9 for a sum of money to meet the costs of such service.
>
> They respectfully request, however, to bring to the notice of the Minister the necessary steps in this very urgent and important matter at as early a date as may be found practicable."[142]

Die Onderwysraad was toentertyd soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | J.E. Adamson, |
| Lede: | dr. F.V. Engelenburg, |
| | dr. N.M. Hoogenhout, |
| | mnr. Theodore Reunert, |
| | mnr. John Robinson. |

Dat Adamson 'n voorstander van hierdie diens was, kan uit twee verwysings daarna in sy jaarverslae afgelei word. Toe hy die een-sessie skooldag gekritiseer het en hom ten gunste van die twee-sessie skooldag uitgespreek het, het hy gesê:

> "I hope that the decision to establish a system of the medical inspections of schools and scholars will be fruitful in this direction."[143]

Met die finale instelling van geneeskundige inspeksie van skole in 1913 het hy hom soos volg uitgelaat:

141. 1 April 1908.
142. Handskrif notule.
143. T.O.D. Jaarverslag 1909, 30.

> "For all reasons it is a matter for congratulation that this extremely important work has at last been put in hand."[144]

Met die geneeskundige inspeksie van skole en skoolkinders is in April 1914 'n aanvang gemaak.

> "It may be noted here that arrangements have now been made for the inspection of schools and scholars on the hygienic as well as the mental side."[145]

Dr. C.L. Leipoldt, 'n Suid-Afrikaner van hoë beroepstatus en wye ervaring, is as Hoof Geneeskundige Inspekteur aangestel. In Augustus 1914 moes die diens tydelik weens die Eerste Wêreldoorlog gestaak word om weer in Oktober 1915 hervat te word. Sy eerste personeel was soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| 1 Hoof Geneeskundige Inspekteur: | dr. C.L.Leipoldt. |
| 1 Assistent Geneeskundige Inspekteur: | dr.Anne F.Cleaver. |
| 1 Deeltydse Assistent Geneeskundige Inspekteur wat aandag aan minderwaardige en agterlike kinders moes skenk: | dr. J.M. Moll. |
| 1 Deeltydse Assistent Geneeskundige Inspekteur: | dr. F.A. Wills. |
| 1 Oogheelkundige, Randse afdeling: | dr. R. James. |
| 1 Skoolverpleegster: | mej.M.Winterbach. |

In 1916 is daar wetlike voorsiening vir die verpligte geneeskundige ondersoek van skoolkinders in Transvaal gemaak.[146]

Die deeltydse beamptes is in 1917 deur 'n voltydse geneesheer, dr. P. Elias, vervang. In 1918 is die mediese inspektoraat gereorganiseer en op 'n gesonde grondslag geplaas. Dr. Leipoldt is in 1919 na die Kaapkolonie gesekondeer om aldaar geneeskundige dienste vir skole van stapel te stuur. In sy afwesigheid het

144. T.O.D. Jaarverslag 1913, 7.
145. Ibid 1913, 7.
146. Wysigingsordonnansie No. 16 van 1916.

sy twee kollegas, drs. Anne Cleaver en P. Elias, die werk met welslae voortgesit. In 1922 het dr. Leipoldt die betrekking neergelê en hy is deur dr. J.A. Kieser opgevolg. By die geleentheid het Adamson van Leipoldt soos volg getuig:

> "The pioneer in South Africa of this vitally important side of the all-round nurture of children, he brought to bear upon it great powers of organization and a mind trained in and imbued with the scientific spirit. He was devoted to children, and no sacrifice was too great for him if he thought he could bring happiness into their lives, and especially if he could do anything to lighten the lot of the afflicted whether by congenital or environmental conditions; and in this connection his enthusiastic support of the school journey and seaside camp movement must be mentioned. He organized a scheme of medical inspection and treatment which has served not only for Transvaal, but as a model for South Africa as a whole. He will be remembered with the deepest affection and esteem by thousands of children and teachers with whom his work brought him into contact."[147]

(b) Omvang.

(i) Inspeksie.

In 1913 het Adamson aan die hand gedoen dat in die jaar die eerste toelatings tot skole in Johannesburg, die Rand en Pretoria, sowel as die skoolverlaters geneeskundig ondersoek moes word. Dit sou almal wat in 1900 en in 1908 gebore is onder die aandag van die geneesheer bring. As daar op die wyse in die daaropvolgende jare voortgewerk sou word, sou alle kinders vroeër of later aan 'n mediese ondersoek onderwerp gewees het.

Daar is ook vir gebreke van geringe aard behandeling voorgeskryf.

---

147. T.O.D. Jaarverslag 1922, 10.

> "Inspection without treatment is obviously of little practical value, save perhaps in supplying material for an anthropometrical survey."[148]

In Johannesburg is die dienste van 'n paar spesialiteite verkry om dringende gevalle in die skoolklinieke te behandel. Met die oog op die stigting van 'n aparte inrigting vir hulle het dr. Leipoldt ook aandag aan sielsieke kinders bestee. Hy was van oordeel dat die kinderkwale van so 'n aard was dat hulle tog deur behoorlike aandag en behandeling verbeter of genees kon word. Hy het die mening uitgespreek dat dit ook die gesondheidstoestand van die toekomstige volwasse gemeenskap grootliks sou bevoordeel.

Benewens die algemene kinderkwale waarvoor twee geneeshere afgesonder is, is daar ook aandag aan oog-, oor- en tandgebreke deur drie deeltydse spesialiteite geskenk. Hierbenewens het bilharzia en malaria as streeksiektes die nodige aandag geniet.

Leipoldt het immers geglo dat die werk van die geneeskundige inspekteur regstreeks in verband met die vraagstuk van volksgesondheid en volkswelsyn gestaan het. Hy het hom derhalwe beywer vir 'n gemeenskaplike metode van die byhou van statistiese en ander gegewens wat vir wetenskaplike navorsing van belang kon wees. Hy was ten gunste van 'n stelsel van reisende skoolklinieke en hy het dit noodsaaklik geag dat kleurling- en naturellekinders ook daarby ingesluit moes word.

Die Malherbe-verslag het aanbeveel dat elke kind by toelating, by verlating en halfpad in sy skoollewe ondersoek moes word.[149]

---

148. T.O.D. Jaarverslag 1913, 7.
149. Verslag van die Onderwyskommissie (1920), 70.

Voor dieselfde kommissie het dr. Leipoldt getuig dat roetine-inspeksie nie die ideaal behoort te wees nie. Die belangrikste oogmerk moet wees om die ouer gesondheidbewus te maak sodat geen kind, wat nie gesond is nie, tot 'n skool toegelaat sal word nie. Die inspeksie behoort by die geboorte van die kind te begin en wanneer die toelatingsouderdom aanbreek, behoort die kind 'n gesondheidssertifikaat in te dien. Hy het voortgaande getuig dat 'n kind se gesondheid voor alles moet kom en dat die inspeksie van skole, die verslae oor geboue en oor die gesondheidstoestande van kinders, die behandeling van kleinere kwale en die aandag van 'n paar deeltydse spesialiteite aan die groter kwale, nog nie kindergesondheid kan waarborg nie.

> "What I should like to see is that we get more time ..... (for) research work carried out with some definite object in view, to deal with our local conditions."[150]

Lesings by normaalkolleges, aan ouers by skole en aan die gemeenskap is as aanvullende werksaamhede aanbeveel. Dit het later soveel byval gevind dat die Onderwyskommissie soos volg daarvan melding gemaak het:

> "The medical inspection of school children is exceedingly popular throughout the Province. Wherever the Commission went, it met with requests for an extention of the service and for the natural corollary of inspection, namely, treatment."[151]

Vandag word steeds meer en meer besef dat liggaamlike gesondheid 'n noodsaaklike vereiste is vir die vooruitgang van alle leerlinge. Om aan die vereistes enigsins te kan voldoen sal die volgende werksaamhede volgens Leipoldt noodwendig die aandag moet geniet.

150. Verslag van die Onderwyskommissie (1920), 70.
151. Ibid, No. 464, 70.

(1) Mediese inspeksie om gebreke vas te stel.
(2) Gesondheidsdienste.
(3) Mediese en snykundige behandeling by klinieke of elders.
(4) Tandheelkundige dienste.
(5) Voorligting in persoonlike higiëne.
(6) Voeding en voedsel waardes.
(7) Liggaamskultuur.
(8) Behandeling van ore en oë

As hierdie dienste deur 'n wakkere personeel verskaf word en ouers gesondheidbewus is, behoort die geneeskundige inspeksie van skole en skoolkinders veel daartoe by te dra om 'n belangrike saak soos volksgesondheid te bevorder.

(ii) Gesondheidsdienste.

> "Primarily, my duty is to look after the health of the children of the Transvaal."[152]

Leipoldt het die belangrikste gesondheidslesse soos volg saamgevat. Behandeling van kwale moet egter hierdie primêre funksie deur voorkoming aanvul. Die kinders moet geleer word om gesond te lewe deur die aankweking van goeie gesondheidsgewoontes. Daar moet 'n verlange na persoonlike en selfs algemene gesondheid aangewakker word, sodat daar 'n liefde vir reinheid in al sy vorms kan ontstaan. Daarby is gesonde voedsel, kleding, inspanning en ontspanning net so noodsaaklik as reinheidsleer en liggaamskultuur. Musiek vir die gees en gimnastiek vir die liggaam![153]

Die Geneeskundige Inspekteur en sy personeel het benewens hul inspeksiewerk ook lesings en demonstrasies aan die normaalkollegestudente, skoolkinders en ouers gegee om hulle in te lig oor die noodsaaklikheid van gesond te lewe en gesond te bly.

---

152. Verslag van die Onderwyskommissie (1920), 71. Leipoldt.
153. Die tema van Adamson se „Education in Plato's Republic."

> "No one would be so foolish as to deny that the question of public health - and one may add, individual health - must come first ....."[154]

Die normaalkollegestudente het kursusse in fisiologie en gesondheidsleer gevolg. Hierdie kennis moes hulle na die skole oordra. Die huishoudkundeskool in Johannesburg het voorsiening gemaak vir onderrig in gesondheidsleer, fisiologie, tuisverpleging en eerstehulp. In die skole het alle leerlinge 'n kursus in gesondheidsleer gevolg. Die ouer leerlinge in standerds IV tot VII het sowat 40 lesse per jaar oor gesondheid en matigheid ontvang en in hierdie lesse is die waarde van gesondheid steeds beklemtoon. Dr. Leipoldt het klasse vir volwassenes in die lewe geroep sodat voorligting in tuisverpleging en gesondheidsleer aan moeders verskaf kon word.

> "The scheme has the strong support of the Department ....."[155]

Die doel van gesondheidsleer in die naturelleskole kan kortliks soos volg saamgevat word:

> "A course of lessons on health and temperance, personal and domestic hygiene, including lessons in first aid, the spread and prevention of disease to which natives are specially liable."[156]

In 1918 is daar ook 'n aanvang met rooikruiswerk in skole gemaak.

In Pretoria en Johannesburg is skoolklinieke gestig om leerlinge op aanbeveling van die Geneeskundige Inspekteur behoorlik te behandel. Hierdie klinieke is later uitgebrei sodat Potchefstroom ook bedien kon word. Die skoolraad van Randsentraal was ten gunste van die

---

154. T.O.D. Jaarverslag 1921, 27.
155. Ibid 1918, 227.
156. Ibid 1918, 227.

stigting van 'n herstellingsplaas vir sieklike en swak kinders. Dr. Leipoldt was oortuig daarvan dat die deeglike versorging van die kinders vanselfsprekend tot beter gesondheidstoestande in die gemeenskap sou lei.

In die buiteskole het die toesig oor sanitêre geriewe egter dikwels nog veel te wense oorgelaat en Adamson het die hoof van 'n skool waar dit die geval was nie gespaar nie.

> "..... the blame is to be placed on the teacher who fails to exercise the necessary supervision and to carry out one of the first and most essential duties of the head of a school."[157]

Die gesondheidsvereistes in verband met skoolgeboue en kleredrag is ook deur geneeskundige ondersoeke op die voorgrond gebring. Die geboue moes aan die vereistes van lig en lug voldoen en plaaslike klimaatsomstandighede moes by die beplanning daarvan nie uit die oog verloor word nie. As die hittegraad van 'n lokaal byvoorbeeld bo 95$^{\circ}$ gestyg het, moes die skool gesluit en op 'n koeler tyd van die dag of op 'n Saterdag hervat word. Buitelugklasse is ook vir die warmer dele van Transvaal aanbeveel.

Skoolreise en vakansiekampe het die steun van die Onderwysdepartement geniet. Dr. Leipoldt het ook gemeen dat 'n rondgaande kliniek vir onmiddellike behandeling sowel as vir propagandadoeleindes noodsaaklik was.[158]

Die skoolverpleegsters het ook belangrike en noodsaaklike dienste gelewer. Na afloop van die geneeskundige inspeksie moes hulle huisbesoek doen. Die gebreke is dan persoonlik onder die aandag van die ouers

---

157. T.O.D. Jaarverslag 1921, 27.
158. Hy begunstig die stelsel wat in Nu-Suid Wallis in swang is.

gebring en die nodige sorg en behandeling is verduidelik. Die gemeenskap moes op die wyse oortuig word dat die geneeskundige dienste in belang van die kind verskaf is.

## 4. KRITIESE BESKOUING.

Die toesig van die inspekteurs oor die onderwys, die geneeskundige behandeling van leerlinge deur die geneeskundige afdeling van die Onderwysdepartement en die aanspraak wat die skoolouers op seggenskap gemaak het, is belangrike onderdele van die onderwysstelsel.

Die onderwysinspekteurs moes die nodige leiding en voorligting verskaf om 'n ondernemingsgees en 'n vryheidsin by die onderwyspersoneel en leerlinge aan te kweek, benewens hul gewone pligte in verband met die beheer oor onderwys en die algemene vordering van die leerlinge. Adamson het hoë eise aan die inspektoraat gestel en omdat hy ook self in die hoedanigheid van inspekteur van onderwys opgetree het kan 'n mening van hom soos die volgende vertolk word as die vrug van rype ervaring:

> "A skilful inspector would know in a quarter of an hour after his arrival at a school whether things were right or wrong."[159]

Omdat kennis en ervaring noodsaaklik is by die vasstelling van tekortkominge in die opvoeding en onderwys het Adamson die inspekteurs van onderwys by voorkeur uit die onderwyspersoneel betrek. Hul dienste was vir hom onontbeerlik in die skepping en wording van die Transvaalse onderwysstelsel; daarom was hy ook steeds bereid om vir hul belange in die bresse te tree. As Direkteur van Onderwys het hy dan ook altyd met die hoogste waardering melding gemaak van hulle aandeel in die ontwikkeling van die onderwys.

159. T.O.D. Jaarverslag 1912, 308.

Hierdie houding van Adamson en die onderlinge agting wat dientengevolge tussen hom en die inspekteurs van onderwys ontstaan het, het veel bygedra tot die verhoging van hulle status en die aanvaring van hul gesag en leiding.

Adamson het hom nie slegs tot die toesig oor en welvaart van die geestelike lewe van die kind bepaal nie maar het hom ook beywer vir liggaamlike gesondheid deur die instelling van doeltreffende geneeskundige dienste. Die geneeskundige toesig oor skole en kinders was vir hom 'n belangrike gesigspunt van die algemene opvoeding. Hy en die Onderwysraad het hulle onvermoeid beywer vir die instelling van hierdie diens.

> "From the point of view alike of the physical and the moral welfare of the pupils this side of the work of the medical staff is of the utmost importance."160

Dikwels is hy egter in sy planne en pogings deur 'n tekort aan geld gestrem, want die verskaffing van geneeskundige dienste aan skole het saam met die Eerste Wêreldoorlog geval. Omdat hierdie oorlog die ontwikkeling van die gewone en gevestigde onderwys gestrem het, is dit te begrype dat geld vir nuwe ideale minder maklik verkrygbaar sou wees. Bewys van sy heelhartige steun is die feit dat hy steeds daarvoor gesorg het dat die personeel verskaf is. Hierbenewens het geneeskundige dienste 'n besonder belangrike onderdeel van die Departement se werk gevorm en die veelsydige aard en die omvang daarvan het veel van Adamson se tyd in beslag geneem. Hy het egter geen tyd of moeite ontsien om hierdie afdeling op 'n gesonde grondslag te plaas nie. Sy jaarverslae bevat 'n menigte wenke, aanbevelings,

---

160. T.O.D. Jaarverslag 1917, 54.

uiteensettings en omskrywings. Daarby getuig sy bereidwillige optrede van gesonde belangstelling.

Hoewel hy ten gunste van 'n sentrale onderwysbeheer was, het hy die belangrikheid van plaaslike adviserende rade nie uit die oog verloor nie want deur 'n mate van seggenskap aan die gemeenskap toe te staan, het hy steeds die belangstelling en samewerking oral geniet.

Hy het nie slegs die skoolraadskonferensies bygewoon nie maar ook daarop die nodige leiding verskaf. Omdat hy in samewerking met die inspekteurs van onderwys die skoolrade en skole dikwels besoek het, was hy altyd op hoogte van die behoeftes van die onderwys in Transvaal en het hy steeds in voeling met die begeertes van die gemeenskap gebly.

Adamson se opvolgers het sy stelsel van sentrale en plaaslike beheer sodanig doeltreffend bevind, dat hulle nie alleen daarop voortgebou het nie maar dit nie nodig geag het om dit te wysig of deur 'n ander stelsel te vervang nie.